# <u>Taakspan Mentoraat</u>

<u>Verslag aan die SDR 29 Oktober 2025</u>

## 1. Opdrag

Gedurende die vorige SDR-termyn (2016-2022) het ‘n taakspan wat die opdrag gehad het om mentoraat te organiseer, gerapporteer dat mentoraat belangrik is, maar dat dit nie georganiseer behoort te word nie. Dit is ‘n spontane proses waar mense self bewus word van persone by wie hulle aanklank vind en dan sodanige persoon nader om vir haar/hom as mentor op te tree. Die SDR van hierdie termyn het geoordeel dat dit goed sou wees om dit weer te toets en daarom die opdrag soos volg geformuleer: **Om ondersoek in te stel na die behoefte aan ‘n taakspan vir mentoraat.**

Die taakspan het tydens die SDR vergadering van 13 November 2024 terugvoer gegee rondom die bogenoemde opdrag. Die SDR-vergadering van 12 Maart 2025 was daar ‘n versoek dat die taakspan die mening van die platteland opnuut toets.

## 2. Taakspanleier en gespreksgenote

Fay van Eeden (taakspanleier), Peet Venter, Louis Pretorius, Bernard van Wyk, Jan Pretorius, Nicky Hattingh, Tjaart Meyer, Ewald Schmidt en Riaan Odendaal.

## 3. Uitvoering van die opdrag

Ek het aan die gespreksgenote, soos hierbo genoem, dieselfde twee vrae wat in die eerste rondte gebruik is gestel:

1. Die Noordelike Sinode is van oortuiging dat mentors ‘n belangrike rol in dominees se lewe kan speel. Die Sinode is verder van mening dat dit nie georganiseer moet word nie, maar dat predikante self mentors moet soek by wie hulle aanklank vind. Wat is jou mening daaroor?

2. Op watter manier dink jy kan die Sinode ‘n rol daarin speel óf is dit dalk ‘n saak wat by ringe tuishoort?

***Terwille van deursigtigheid haal ek my gespreksgenote se antwoorde aan:***

*My ervaring van die tyd op die taakspan vir mentoraatskap saam met Derick was dat mentors beslis 'n belangrike rol speel, maar dat predikante self mentors wil soek en nie aan iemand spesifiek "toegewys" wil word nie. In stedelike konteks mag dit goed werk omdat daar 'n redelike aantal predikante wat as mentors kan optree, binne*

*bereik is.*
*Hier in die platteland is dit egter nie so maklik nie en omdat dit tog 'n belangrike saak is, meen dit dat dit baie goed deur die ring se taakspan vir predikanteversorging kan gebeur. Hulle sou byvoorbeeld*

*1. 'n Lys van beskikbare (opgeleide?) mentors kan voorlê - ook wie in die stad beskikbaar is.*
*2. Dominees kies self - indien hulle verder wil ry, staan dit hulle vry.*
*3. Tydens die jaarlikse ringsitting kan die taakspan predikanteversorging kortliks meld dat dominees toegang het, en daarvan gebruik maak of nie.*
*4. Dominees kan gereeld deur die taakspan gemotiveer word om 'n mentor te hê.*
*5. Indien daar iewers 'n dominee is wat ondersteuning nodig het, kan die taakspan seker maak dat daar 'n mentor beskikbaar is, dat daar gebou word aan 'n mentoraatskapsverhouding en dat dit 'n goeie "match" is.*

*Die vertroulike aard van die mentoraatskapsverhouding maak dat dit die "meeste" is wat gedoen behoort te word.*
*------*

*SELF SOEK: Ek stem saam. Die enigste problem is of dit werklik dan sal plaasvind? Die ander redenasie: Soort soek soort... Wat voordelig en nadelig kan wees. Sou dit nie ook van belang wees indien iemand buite hulle gemak en vanuit 'n ander perspektief mentoraat ontvang nie? Ek moet wel bieg, ek en my kollega is definitief vir mekaar mentors en ons dink dieselfde EN my belewenis is ongelooflik positief - Ek dink maar net rondom die groter prentjie hieroor. 'n Ander vraagstuk: Hoe allokeer 'n mens die mentoraat? M.a.w. iemand binne hulle eerste 5 jaar van die bediening kort 'n mentor op 'n ander vlak as iemand wat baie langer in die bediening is. 'n Predikant in hul vroeë bediening is dalk ook nie geneig om self te gaan soek na mentorskap nie? In my eie ring en binne my eie belewenis het ek baie waarde gevind binne mentorskap (by iemand wat ek op daardie stadium nodig gehad het in my lewe) MAAR ek kon ook sien by van my kollegas van destyds waar mentorskap 'n verskil kon maak in hul belewenis van hul gemeentekonteks en ongelukkig was hulle nie oopkop vir dit nie... Na my mening: Verskillende fases van die bediening vereis verskillende vorme van mentorskap.*

*ROL VAN SINODE: Ek dink die verlede wys vir ons dat die meerderheid van ringe nie hierdie dinge reg fasiliteer nie. Indien die sinode wil kyk na 'n ander moontlikheid as 'self soek', dink ek dit begin persoonlike gesprekke by elke ring, opleiding vir mentoraat en allokering van beskikbare mentors binne bepaalde ouderdomsgroepe met die versoek vir nuwe leraars om dit sterk aan te beveel.*
*----*

*Mentors het 'n belangrike plek om te vervul. Ek sien die nodigheid van 'n mentor in, maar jammerlik moet ek sê die praktiese uitvoerbaarheid is 'n probleem.*

*Ek voorsien dat organiseering deur die sinode gaan moeilik werk, terwyl as dit gelos word dat elke predikant dit self moet reël, gaan dit ook nie plaasvind nie. So ek weet nie hoe die mentorsprogram kan/gaan werk nie.*

*Die moontlikheid sou dalk oorweeg kon word deurdat dit gedurende jaarlikse sinode-*

*mini-wegbreek geleenthede moet plaasvind en daarna moet ds. en mentor dit self verder vat indie nodig, tot die volgende jaarlikse wegbreek.*
*In ringsverband gaan dit nie sommer funksioneer hier op die platteland nie, ek vermoed ook nie in die stad nie, agv te veel kerk-politiek.*
*----*

*Ek dink dat dominees eerstens moet aandui of hulle beskikbaar sal wees as mentors vir ander dominees, name kan dan beskikbaar gemaak word en dan kan dominees keuse maak. Ek dink beide sinode en ring moet daarby betrokke wees.*
*----*

*Ek stem saam dat predikante mentors moet hê. Ek dink wel mentorskap is n baie moeilike onderwerp, want alhoewel meerderheid predikante die belangrikheid daarvan besef, is dit nie iets wat regtig georganiseer kan word of afgedwing kan word nie. Dis iets wat organies moet ontwikkel.*

*Ek dink die Sinode kan n rol speel in die saak deur predikante aan te moedig om mentors te kry daar waar hulle in hulle verskillende kontekste bedien. Miskien kan die sinode iets verduidelik oor die waarde van mentors in predikante se lewens. Net om hulle bewus te maak dat mentors belangrik is.*
*----*

*Ek stem saam dat mentorskap organies moet gebeur. My gevoel is dat mentorskap by Ringe tuis hoort.*
*----*

*Moenie die sinode heeltemal buite rekening laat nie. Die Sinode is altyd welkom om gedagtes óf idees deur te stuur. Óf dalk net 'n klankbord te wees indien die mentor dalk bietjie vasbrand.*
*-----*

*Ek verkies om self 'n mentor te soek na gelang van my behoeftes op 'n gegewe stadium. Stem saam met Sinode se siening.*
*-----*

**4. Aanbevelings (soos voorheen)**

4.1 Die Noordelike Sinode bevestig die belangrike rol wat mentorskap in die ontwikkeling, begeleiding en ondersteuning van predikante kan speel.

4.2 Die Sinode moedig predikante aan om self 'n mentor te soek. Predikante-wegbreke en sinodesittings kan gebruik word om die waarde van mentorskap te bevestig.

4.3 Die Sinode moedig ringe aan om visitasie en ander ringsgeleente te benut om gesprekke rondom die belang van mentorskap te voer.

4.4 Die Sinode herinner kerkrade en DVK's daaraan om na predikante se welstand en versorging om te sien.